# Vanaf laat-strukturalisme na post-strukturalisme: ’n Kontekstualisering van Jean-François Lyotard se *Discours, Figure*

**Johann Beukes**[1]

**Navorsingsassosiaat: Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

### From late-structuralism to post-structuralism: A contextualization of Jean-François Lyotard’s *Discours, Figure*

***In this article the post-structuralist legacy of French philosopher Jean-François Lyotard (1924-1998) is being surveyed with specific regard to his first major publication,* Discours, Figure *(1971). The initial impact of this text on the post-structuralist debate is being explored, as well as the way in which it brought Lyotard in direct confrontation with Jacques Derrida, the then mainstream representative of (late) structuralism, with specific regard to Lyotard’s battle against the “imperialism of the text” and his own critical departure from phenomenology.***

> *Beide subjek en objek kan beskou word as fragmente wat voortkom uit ’n ontbranding waarvan taal self die vonk was.*
>
> (Jean-François Lyotard [1971] 2000:109)

## 1. INLEIDING

Hoe onwaarskynlik ’n filosofiese broederskap tussen die skolastiese, die moderne en die post-moderne ook al andersins mag wees, bring Aristoteles, Wittgenstein en Lyotard

---

[1] Dr Johann Beukes is as navorsingsassosiaat betrokke by die navorsingsprojek “Bybelse Teologie en Hermeneutiek”, Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, onder leiding van Prof dr A G van Aarde. Die hulpvaardigheid en bystand van die biblioteek-personeel van die Randse Afrikaanse Universiteit word met waardering vermeld.

dieselfde reproduktiewe uitdrukking ten opsigte van taalfilosofie na vore: wie met taalfilosofie besig is, sal nie met taalfilosofie volstaan nie. ’n Ondersoek na die inwendige werklikheid van taal noodsaak ook ’n onmiddellike fokus op die ondersoek na die uitwendige werklikheid van die wêreld, na die aanspraak op korrespondensie tussen taal, wêreld en waarneming; en uiteindelik na hermeneutiek, na rasionaliteit en na kultuur. In hierdie opsig is taalfilosofie tog wel die matriarg van filosofiese dissiplines: sy begin by taal en eindig in die wêreld.

Die aktualiteit van Jean-François Lyotard (2002) se *Discours, Figure* vestig juis in die wyse waarop dit, as by uitstek gebed in taalfilosofie, die deur krities oopgelaat het vir Lyotard se latere, nou-befaamde kultuuranalises, redekritiek en estetika. Lyotard se taalfilosofie leer ons dat wie kultuur wil verstaan, tekste wil interpreteer, kuns wil waardeer, ’n publieke lewe wil lei, die teater van die politiek wil betree, onderrig wil gee en ontvang, dit nie op ’n ander wyse kan doen as om vertrek te neem vanuit ’n ondersoek na die wyse waarop taal – diskoers – dit alles onderlê nie. In hierdie artikel word twee aspekte van Lyotard se argument, naamlik sy konflik met die “imperialisme van die teks” en sy kritiese afstandname van fenomenologie, toegelig.

Indien die Comteaans-Franse[2] weergawe van die positivisme as ’n negentiende-eeuse verskynsel beskou sou word, het die denkarbeid van die Franse filosowe in die twintigste eeu by uitstek in vier intellektuele strominge gemanifesteer: fenomenologie, eksistensialisme, strukturalisme en post-strukturalisme. Hierdie vier denktradisies het vanweë normale interspeling, kritiese debatvoering en die kruisbestuiwing van gedagtes plek-plek resonansie by mekaar gevind. Dit is egter moontlik en selfs nodig om eersgenoemde twee tradisies te beskryf as sou dit meer algemeen tot die Wes-Europese filosofiese arbeid van die eerste helfte van die twintigste eeu tuishoort. Strukturalisme en post-strukturalisme moet egter as kontemporêre wendinge in spesifiek die Franse filosofie beskryf word en as tiperend van die Franse denkarbeid in die tweede helfte van

---

[2] In teenstelling met die *logiese* positivisme, wat ’n twintigste-eeuse verskynsel vanuit Weense en (later) Anglo-Saksiese intellektuele kringe was. Hoewel die Comteaans-Franse weergawe van die positivisme in die filosofiese raamwerk van die negentiende eeu gelokaliseer moet word, sal dit vorentoe blyk dat hierdie weergawe van die positivisme in die twintigste eeu steeds ’n diep nawerking gehad het, veral ten opsigte van die aanvanklike filosofiese arbeid van strukturaliste soos Claude Lévi-Strauss. Dit is nie moontlik om die aansprake van die strukturalisme en, in kritiese verset daarteen, die post-strukturalisme, te begryp sonder om die positivistiese agtergronde van eersgenoemde te verreken nie.

die twintigste eeu bestempel word: minstens sedert die vroeë sestigerjare het aanvanklik die strukturalisme, en in reaksie daarop, die post-strukturalisme, die intellektuele toneel in Frankryk oorheers. Jean-François Lyotard (1924-1998) hoort, met betrekking tot 'n kritiese lokalisering binne die ensiklopedie van die filosofie, tot die kader van laasgenoemde.

Lyotard se latere tekste, spesifiek die drie epogmakende tekste wat in die tagtigerjare gepubliseer is, naamlik *The postmodern condition* (vertaling 1984), *The Differend* (vertaling 1988) en *The Inhuman* (vertaling 1991), het aan Lyotard dieselfde soort internasionale aansien besorg as sy Franse tydgenote Jacques Derrida, Michel Foucault en Gilles Deleuze, filosowe wie se werk mettergaande wyd buite Frankryk verken is. 'n Mens kom met die bestudering van die sekondêre literatuur egter onder die indruk dat daar, waarskynlik vanweë die sukses wat Lyotard met veral *The postmodern condition* behaal het, 'n reduksie[3] plaasgevind het ten opsigte van die vroeëre tekste in Lyotard se oeuvre. Die betekenisvolle lading van hierdie reduksie is reeds in 1987 by hoë implikasie deur 'n Britse kommentator, Peter Dews[4], uitgewys. Dews fokus naamlik op die aansprake van Lyotard se twee vroeëre tekste (*Discours, Figure* [1971] en veral *Économie Libidinale* [1974]) en distilleer implikasies uit hierdie twee tekste wat bykans nog net *ad hoc* in die sekondêre literatuur verreken word. Ek wil hier, met spesifieke verwysing na *Discours, Figure,* op hierdie aktualiteitsopvatting van Dews ten opsigte van Lyotard se vroeëre tekste, voortborduur. Maar voordat daarop ingegaan word, vertoef ons eers by 'n kriptiese oorsig van die Franse filosofie gedurende die sestigerjare, 'n

[3] Om die bewering te staaf sou verwys kon word na enkele voorbeelde van later-gerigte teksvoorkeure in die resente Lyotard-literatuur: Bennington (1988), Browning (2000), Deguy (2001), Fritzman (1995), Kilian (1998), Steuerman (2000), Sim (2000), Van Peperstraten (1995) en Williams (1998). Sonder om te impliseer dat hierdie outeurs bewustelik by Lyotard se vroeëre tekste wou verbygaan, noodsaak die temas van hulle onderskeie ondersoeke 'n skerper fokus op Lyotard se tagtiger tekste. In teenstelling met die intensiewe eksegese van *The postmodern condition*, *The Differend* en *The Inhuman*, bly die vroeëre *Discours, Figure* en *Économie Libidinale* tot op datum betreklik onderontginde tekste in die sekondêre literatuur.

[4] Met die publikasie van Dews se werk in 1987 was die Engelse vertaling van *The postmodern condition* nog net drie jaar in omloop en dus relatief pas internasionaal toeganklik gestel, *The Differend* pas in Frans gepubliseer en eers in 1988 in Engels vertaal, terwyl *The Inhuman* nog nie gepubliseer was nie. *Économie Libidinale*, in 1974 gepubliseer, is eers in 1993 (as *The Libidinal Economy*) vertaal, terwyl ek nie kennis dra van 'n bestaande Engelse, Duitse of Nederlandse vertaling van Lyotard se eerste tematies-selfstandige werk, *Discours, Figure* (1971) nie. 'n Vertaling van *Discours, Figure* deur Mary Lydon word gedurende 2002 deur Harvard University Press gepubliseer en dit behoort verdere ondersoeke na die aktualiteit van hierdie teks te stimuleer.

dekade wat 'n intense tydperk in die politieke en intellektuele geskiedenis van Frankryk verteenwoordig.

## 2. DIE POLITIEKE EN INTELLEKTUELE KONTEKS VAN *DISCOURS, FIGURE*

Die Franse filosofie gedurende die sestigerjare kan terugskouend in twee duidelike fases onderskei word. In die eerste, strukturalisties-gedrewe fase, het ingrypende nuwe temas die tradisionele vraagarena van die filosofie binnegebring. Hiervan was 1) die kritiese bevraging van objektiwiteit, 2) die desentrering van die handelende subjek en 3) 'n selfkritiese of selfrefleksiewe poging om aan die tradisionele kennisaansprake van die filosofie te ontkom, die prominentste temas. Die bekendstelling van hierdie temas het egter steeds binne die veel ouer raamwerk van die Franse positivisme[5] plaasgevind. In die tweede fase, wat óf beskou kan word as die aanvangsfase van post-strukturalisme óf as die laaste fase van strukturalisme (of dan, laat-strukturalisme), word die vernaamste aanspraak van die positivisme – die positiewe kenbaarheid van die werklikheid deur die objektivering en verwetenskapliking van die werklikheid - juis radikaal heraangespreek. Die kritiese heraanspreke van die positivistiese agtergronde van die strukturalisme het tot 'n verdieping in die verkenning van bogenoemde drie temas gelei. Hierdie verdieping het uiteindelik die "post-moderne toestand" in die later werk van Lyotard, Deleuze, Foucault en ook Derrida filosofies gegrondves.

Die feit dat strukturalisme en post-strukturalisme van mekaar onderskei kan word, beteken nie dat die twee liniêr of eendimensioneel uit mekaar gehou kan word nie. Daar was aanvanklik 'n mate van oorvleueling tussen hierdie twee rigtings, terwyl denkers se onderskeie posisies in die debat aanvanklik betreklik ongenuanseerd was. Dit geld veral vir Foucault, wat in die vroeë sestigs hom sonder skroom in die geselskap van

[5] Positivisme gaan uit van twee premisses in die besonder: In die eerste plek, die positiewe haalbaarheid van objektiewe kennis wat verkry word deur 'n streng wetenskaplike omgaan met die werklikheid; in die tweede plek, die vermenging of akute interspel tussen wetenskap en filosofie, tot op die punt dat filosofie self as 'n wetenskaplike onderneming gehandhaaf word. So is Lacan se psigoanalise en selfs Foucault se vroeë werk *The Order of Things* nie aangebied as bloot anti-fenomenologiese tekste nie, maar as verskynsels wat 'n volkome ander aanbod as die tradisionele filosofiese aanbod wou maak, in die sin dat dit met wetenskap wou konvergeer, selfs volkome identies met wetenskap wou wees. Hierdie positivistiese agtergronde van die strukturalisme verteenwoordig 'n bewustelike wegkeer van Duitse filosofiese paradigmas soos Idealisme en 'n terugkeer tot positivisme as 'n eg-Franse filosofiese tradisie van die negentiende eeu. 'n Veel ouer denker soos Emile Durkheim het reeds toe 'n afwysende stempel gelaat op die bykans literêre, onwetenskaplike karakter van die Idealisme en die filosofiese strominge wat daaruit losgekom het, maar het ook reeds die stempel geplaas op die bemiddeling van die filosofiese problematiek deur middel van, byvoorbeeld, sosiaal-wetenskaplike kennismodelle.

strukturaliste soos Althusser, Barthes en Lévi-Strauss laat plaas het en hom dit selfs laat welgeval het (vgl bv Eribon 1991:160-164). Verder is dit moeilik om te onderskei tussen laat-strukturalisme en die aanvangsfase van post-strukturalisme, omdat die kritiek teen strukturalisme aanvanklik van binne die strukturalisme self (via Derrida en Lacan) gekom het. Die beweging na post-strukturalisme was aanvanklik gradueel, tot en met die drastiese ommeswaai wat gekom het met die berugte studente-opstande in Mei 1968. Die aktivistiese aard van post-strukturalisme is hierna diep en sonderling in die Franse intellektuele lewe gebed. Intellektuele is hierna naamlik skerper aanspreeklik gestel vir die politieke en selfs burgerlike konsekwensies van hulle teorieë, wat meegewerk het tot waarskynlik die hoogste mate van politieke aktivisme deur intellektuele in Frankryk sedert die 1780's (vgl Macksey 1972:11ev). Teoretici, vroeër teruggetrek in die enklaves van biblioteke en filosofiecafés, het na Mei 1968 militante en aktivistiese dekon-strueerders van die burgerlike en politieke sisteem geword: selfs Sartre, maar ook Genet, Jaubert, Mauriac, Foucault, Vian en Deleuze was in hierdie sin van die woord teen die einde van die sestigerjare "post-strukturalisties".

Die twee denkers wat aanvanklik die kritiek *vanuit* die strukturalisme ingelei het, was juis Derrida en Lacan. Hoewel daar tussen Derrida en Lacan bepaald verskille was, was hulle verenig in hulle oortuiging dat dit nie moontlik sou wees om aan die tradisionele aanspraak van geheel die moderne filosofie – dat waarheid en werklikheid positief en objektief kenbaar is, gegewe die korrekte modus van vraagstelling en ondersoek na kennis, oftewel, epistemologie – te ontkom solank as wat, eg-strukturalisties, binne die positivistiese kennismodel vertoef word nie. Beide was oortuig dat Hegel se dialektiek die weg aangedui het om uit hierdie impasse te ontsnap, hoewel beide ook oortuig was dat Hegel se bestemming of *telos* – die Absolute Gees – op die laaste moment afgewys moes word. In Derrida se geval word juis dit vermag deur die prioritisering van die nie-verwysende gaping of ruimte tussen die verwyser en die verwysde, wat 'n gebroke dialektiek van *différance* tot gevolg het (vgl Derrida [1978] *contra* Lévi-Strauss; [kyk ook Goosen 1998:72-73; vgl Bennington 1988:22]). By Lacan weer, is dit die kritiese opvordering van 'n "nie-refleksiewe subjek" wat die progressie van die bewussyn na absolute kennis, ondermyn of blokkeer (vgl Lacan 1982:114-117; kyk Aretoulakis 1996:13ev). Beide Derrida en Lacan het hiermee 'n vorm van teoretiese diskoers van stapel gestuur wat deur gevestigde strukturaliste soos Claude Lévi-Strauss by voorbaat afgewys is as 'n mistifiserende terugval in spekulatiewe filosofie en metafisika (vgl Lévi-Strauss [2000:230-231] se destydse afwysing van wat hy sou noem 'n "nuwe metafisika van begeerte").

Terwyl strukturaliste soos Lévi-Strauss nog besig was met die uitwerk en handhawing van ’n kritiese verset teen die eerste spore van hierdie “nuwe metafisika van begeerte”, het daar, in opvolging van en in reaksie teen Derrida en Lacan se vroeë inleidings tot wat later meer formeel as “post-strukturalisme” benoem is, reeds ’n volgende maar veel deurslaggewender beweging in die post-strukturalistiese dampkring begin voltrek. Hierdie beweging het reeds ’n afskeid van die strukturalisme vooronderstel en het daarom nie soseer verder met die eksponente van die strukturalisme in gesprek getree nie, maar in ’n hoë mate met die inleiers tot die post-strukturalisme self, naamlik Derrida en Lacan. Ten spyte van hulle kritiek teen die positivisties-getinte objektivisme wat ten grondslag gelê het van die strukturalistiese opvattting van betekenis, is Derrida en Lacan deur eksponente van hierdie nuwere, maar nou deur en deur *post*-strukturalistiese beweging, beskou as steeds ten diepste gebonde aan strukturalistiese aannames. Dit is aannames soos dié ten opsigte van die primaat van die tekstuele, die diskursiewe en die simboliese, selfs as sou dit in ’n minimale sin verstaan word as “gedifferensieerdes”. Dit is juis Derrida en Lacan se oortuiging met betrekking tot die primaat van die diskursiewe wat hulle kritiek teen objektivisme gedring het. ’n Tipies-strukturalistiese “wetenskap van betekenis” (wat aanspraak maak op algehele objektiwiteit) gaan volgens Derrida en Lacan noodwendig die *linguïsties gemedieerde* status daarvan verby. Anders gesê: objektivisme maak aanspraak daarop dat dit die *werklikheid* “verobjektiveer”, maar nie die *taal* waarin of die *konsepte* waarmee die werklikheid as sodanig “verobjektiveer” word nie. Die objektivisitiese aanspraak kan daarom nie werklik slaag nie: die eindelose, self-relativerende betekenismoontlikhede van diskoers ondermyn die objektiveringsaanspraak *in toto*. Maar Derrida en Lacan gaan met hierdie argument nog verder: Indien nie net semantiek of betekenisteorie nie, maar alle kennis van selfs sogenaamde taal-onafhanklike (of “verobjektiveerde”) werklikhede linguïsties gemedieerd is, bestaan daar nie iets soos ’n non-linguïstiese bepaling van linguïstiese mediëring nie. Derrida sou selfs, in wat ’n beroemde stemming in sy werk verteenwoordig, so ver gaan om te beweer dat die blote opvatting van ’n taal-onafhanklike werklikheid ’n onbestaanbare inkoherensie is (vgl Derrida 1978:281) – ’n standpunt waarop ons binnekort terugkom. Taal is volgens Derrida (en Lacan) dus die een alles-omvattende medium; van diskoers self kom geen werklikheid ooit los nie. Die linguïstiese verwyser is die enigste (maar in terme van die eindelose betekenismoontlikhede van die woord/teks, ook die telkens self-relativerende) konstante. Dit is juis teen hierdie *imperialisme van die teks* waarteen die nuwere of skerper-omlynde fase van post-strukturalisme sigself gerig het. Die fokus word naamlik krities verskuif vanaf diskoers, as die talige, alles-omvattende medium, na dié faktore of gebeure wat diskoers

juis bepaal, vorm en onderbreek. Diskoers word hiervolgens dus eerder benader in terme van die vorming én ondermyning daarvan deur *nie-diskursiewe* faktore.

Soos reeds opgemerk, het hierdie fokusverskuiwing betekenisvol met die politieke en burgerlike klimaat in Frankryk in die sestigerjare geresoneer. Geen struktuur kon na hierdie fokusverskuiwing onproblematies langer in terme van die tipies strukturalistiese opvatting beskou word as statiese en self-perpetuerende sisteme van kommunikasie of simboliese vertolking, ’n gelykmoedige kommunikasiegebeure tussen verwyser en verwysde, nie. Met ander woorde, die faktore wat ’n struktuur in stand hou óf daarteen in verset gebring word, kon nie langer onproblematies beskou word as ’n effek of gevolg van die struktuur self nie. Strukture (soos taal en sosiale institusies) word in terme van die post-strukturalisme pertinent vanuit *nie-diskursiewe* oorwegings benader, wat beteken dat strukture pertinent geïnterpreteer word as sowel “van bo” afgeforseer (dit wil sê, [sosiale] strukture beliggaam magsverhoudings) as wat dit “van onder” óf eerbiedig óf verwerp[6] word (dit wil sê, [sosiale] strukture word met begeerte/versugting geïnvesteer of gedisinvesteer).

Gilles Deleuze, as ’n openlike kritikus van semiotiek en eweneens ’n self-verklaarde “filosoof van begeerte”, was aanvanklik die prominente stem vanuit hierdie wending (vgl Carroll 1987:19). Sedert die vroeë sewentigerjare is daar egter ’n ander stem by dié van Deleuze gevoeg, ’n stem wat mettergaande juis die nie-diskursiewe en *dissensus* skerper sou verwoord: die stem van Jean-François Lyotard. Waar tydgenote soos Foucault en Deleuze eers na Mei 1968 werklik polities betrokke sou raak, was die volgorde by Lyotard andersom. Hy was lank reeds aktief in die linkse politiek betrokke voordat hy opgang vanaf die middel-sewentigerjare sou maak as leidinggewende post-strukturalis, en uiteindelik in die tagtigerjare, as die seminale post-moderne filosoof in Frankryk. Gedurende die vyftiger- en vroeë sestigerjare was hy as jong onderwyser lid van ’n linkse splintergroep, genaamd *Socialisme ou Barbarie,* waar bekende filosowe soos Claude Lefort en Cornelius Castoriadis intellektuele leiding gegee het (kyk Duvenage 1998:195). Wat belangrik is, veral ten opsigte van die kontra-Marxiaanse stemming in *Économie Libidinale*, is dat *Socialisme ou Barbarie* sigself gedistansieer het van ortodokse Trotskyisme en eerder gefokus het op temas soos ’n staatskapitalistiese teorie vir die USSR, ’n kritiek van Leninistiese vorme van politieke organisasie en, veral, ’n volgehoue aksent op die verbreding van die Neo-Marxistiese selfhandhawingsbeginsel na alle domeine van die sosiale bestaan (vgl Browning 2000:18ev). In hierdie opsig het

[6] Die uiters gewelddadige studente-opstande in Mei 1968 in Frankryk het in hierdie sin die post-strukturalistiese wending as direkte intellektuele voedingsbron gehad (vgl Eribon 1991:160ev).

*Socialisme ou Barbarie* die stemming van die Mei 1968-gebeure geantisipeer of selfs direk daartoe meegewerk. In 1963 verlaat Lyotard *Socialisme ou Barbarie* en raak as filosofiedosent te Nanterre, ’n brandpunt van die Mei 1968-opstande, aktief betrokke by *Mouvement du 22 Mars*, wat ’n spontane, anti-outoritêre vleuel van die Mei-beweging was (Williams 1998:53ev; vgl Pefanis 1991:160ev). Die anti-strukturalistiese stemming van hierdie politieke ervaring lê ten grondslag van Lyotard se eerste selfstandige bydrae tot die post-strukturalistiese debat in *Discours, Figure*.

## 3. *CONTRA* DIE IMPERIALISME VAN DIE TEKS

Hoewel Lyotard met die publikasie van *Discourse, figure* in 1971 sy eerste[7] betekenisvolle impak op die filosofiese debat sou maak, kan die oorspronge van sy filosofiese verset teen die laat-strukturalisme reeds gevind word in sy inleidingswerk tot die fenomenologie (*La phénoménologie*) in 1954 (vertaling 1991), ’n werk wat reeds ’n 17e herdruk beleef het (Duvenage 1998:195). Hoewel *La phénoménologie* as ’n inleidingsteks aangebied is en die tematiese skopus daarvan dus beperk was tot die fenomenologie, het dit nietemin ’n antisiperende spoor getrap in die debat tussen laat-strukturalisme en post-strukturalisme, net meer as ’n dekade later.

Reeds Lyotard se omskrywing van fenomenologie vertoon die gelaat van ’n polemiese ingesteldheid teenoor sowel die imperialisme van die teks[8] as ’n vroeg-kritiese houding teenoor fenomenologie self. Indien fenomenologie die beskrywing van, of, meer beskeie, die soektog na die intuïtiewe, ante-predikatiewe aard van verskynsels *an sich* verteenwoordig, moet fenomenologie volgens Lyotard logies-konsekwent beskryf word as ’n “stryd van taal *met sigself* in die poging daarvan om die oorsprong van dinge vas te stel” (Lyotard 1991a:43, my kursivering). Die fenomenologiese projek moet daarom beskryf word as fundamenteel *contradictio in termini* en die poging van diskoers om ’n

---

7 Om die skopus van die ondersoek hier te beperk tot Lyotard se vroegste werke, bring die probleem mee dat die oorgange vanaf die vroeë na die latere Lyotard nie behoorlik verreken kan word nie. Dit is so dat daar nie van ’n gelykmatige oorgang vanaf die vroeë na die latere Lyotard gepraat kan word nie, wat ook die geval by onder meer Heidegger en Wittgenstein is. Die invloed wat juis Wittgenstein op Lyotard se latere taalfilosofie gehad het, het Lyotard in staat gestel om sy latere taalfilosofie aansienlik meer genuanseerd aan te bied as wat die geval in sy vroegste werke was. Reduksie en ’n verlies aan die verekening van oorgange tussen fases en temas is ongelukkig die prys wat metodologies betaal word vir skopusbeperkte, faseologiese ondersoeke soos in die onderhawige studie.

8 Die versoeking is groot om vir Lyotard in die bresse te wil tree deur dadelik te verwys na die “imperialisme van diskoers”, eerder as die “imperialisme van die teks”. Die woord “diskoers” pas egter nie so maklik in die woordeskat van Derrida nie, wanneer in ag geneem word dat Derrida later juis met die gebruik van begrippe soos “teks”, “grammatologiese beweging” en die “ekonomie van différance” anderkant die opposisie tussen die diskursiewe en die referent wou beweeg.

voor-talige, ante-predikatiewe of pre-linguïstiese werklikheid te begryp, moet by voorbaat as reeds weer 'n diskursiewe onderneming geag word, omdat die voor-talige, in die beskrywing daarvan of selfs net in die poging tot 'n beskrywing daarvan, self weer taal vooronderstel (Lyotard 1991a:44).

Hierdie polemiese, aanvanklik onproduktiewe konklusie van Lyotard ten opsigte van taal as 'n immer selfteenstellende, teen-sigself-kerende onderneming, is egter die teenoor-gestelde van wat die laat-strukturalisme met presies dieselfde konklusie sou maak. Veral Derrida het hierdie konklusie tot die mees ekstreme, maar logies-koherente konsekwensie daarvan geneem. Indien dit so is dat die sistematies-fenomenologiese poging om 'n voor-talige, ante-predikatiewe (uiteindelik, 'n taal-onafhanklike) werklikheid te begryp, ondermyn word deur die immer self-verondersteldheid van taal, moet volgens Derrida noodwendig gekonkludeer word dat taal *altyd*, by voorbaat, 'n self-vooronderstellende gegewe ten opsigte van *alle* werklikhede is. Daar kan dus nie "'n waarheid of 'n oorsprong wees wat die spel en die orde van verwysing ontsnap nie" (Derrida 1978:292). Daar kan, in Derrida se nou-beroemde woorde, "niks buite die teks wees nie"..."geen pre-teks (wees) wat nie self reeds 'n teks is nie..." (Derrida 1983:328). Die opvatting van 'n taal-onafhanklike werklikheid is volgens Derrida dus 'n hersenskim.

Volgens Lyotard vestig daar egter 'n ongeldige sprong in die noodwendigheid van Derrida se konklusie. Eerder as om die uiteindelike, onafwendbaar illusionêre aard van enige taal-onafhanklike werklikheid te konkludeer, kon Derrida vanuit presies dieselfde predikate net sowel die inherente onvermoë van taal toegee, die onmoontlikheid van 'n linguïstiese greep op nie-linguïstiese werklikhede toegee, die uiteindelike magteloosheid van taal voor tekenlose werklikhede eerbiedig. Verder is dit volgens Lyotard wel noodwendig so dat ons vanuit die ontmaskering van fenomenologie as 'n inherent self-teenstellende gebeure, logies-konsekwent ook by die einde van filosofie self arriveer. Hierdie punt word bereik nie soseer omdat filosofie gebonde is aan die illusie van teenwoordigheid (soos wat Derrida meen) nie, maar omdat filosofie in die onvermoë bly om die wêreld van betekenis (waaruit dit voortkom en waarin dit gebed is) se outentieke aard of "oorsprong" te ken. Volgens Lyotard (1991a:43) kan die "oorsprong van dinge nie langer die oorsprong ... wees die oomblik waarop/in soverre dit beskryf (kan) word nie." Met ander woorde, by Derrida is die deurslaggewende opvatting dié van *différance*, as die transdenkende oorsprong van denke wat self nie denkend begryp kan word nie, terwyl daar volgens Lyotard "altyd 'n pre-refleksiewe, ongedinkte, ante-predikatiewe moment is waarop denke, (selfs) wetenskap moet steun, maar wat as 't ware weggetoor word telkens wanneer dit sigself probeer regverdig" (Lyotard 1991a:5; vgl Lydon 2001:11). Lyotard het dit reeds in 1954, ten diepste maar hoofsaaklik nog by voorgevoel,

teen die imperialisme van die teks, soos wat dit in Derrida se werk in die besonder, net meer as ’n dekade later sou manifesteer. Bykans twee dekades na die publikasie van *La phénoménologie* sou Lyotard hierdie verset van die werklikheid van waarneming en betekenis, teen die imperialisme van die teks, omvangryker heraanspreek in *Discours, Figure*.

Reeds sy openingswoorde[9] in *Discours, Figure* hervat hierdie protes: “Hierdie boek protesteer: die gegewe is nie ’n teks nie, daar is in die gegewe ’n digtheid, of eerder ’n konstitutiewe differensie, wat nie gelees moet word nie, maar gesien moet word: en dit is hierdie differensie ... wat herhaaldelik agterhaal word in die verwysingsproses” (Lyotard 1971:9). Dews (1987:113) wys daarop dat Nietzsche op hierdie stadium reeds ’n sterk nawerking by Lyotard gehad het: Lyotard het naamlik, hoewel hy steeds wesenlik vanuit die fenomenologie vertrek neem, reeds die Nietzscheaanse waardering vir die sinlik-sintuiglike, geïnternaliseer. In hierdie Nietzscheaanse bedding kry twee buitengewoon skerp uitsprake op die eerste bladsye van *Discours, Figure* reliëf: “...(Ek verset my teen) die skadu wat taal, na Plato, soos ’n grys mantel oor die sintuiglike gegooi het, wat konstant getematiseer is as minder werklik en waarvan die waarheids-aanspraak maar selde met erns geneem is ... dit is altyd so verstaan dat die sintuiglike die perspektief van valsheid verteenwoordig, die perspektief van skeptisisme, van die skilder, die libertyn ... die materialis ...” (Lyotard 1971:11). Doelgerig posisioneer Lyotard hom teenoor die laat-strukturalisme met die snydende opmerking: “’n Mens breek glad nie met metafisika deur taal oral te vestig nie” (Lyotard 1971:14; vgl Lydon 2001:15).

Lyotard se voortgaande verdediging van die onderskeid wat (volgens hom) getref behoort te word tussen taal en die waargenome werklikheid, beteken egter nie dat Lyotard se eie opvatting van taal in die allure van die fenomenologie vertoef nie. Lyotard gee trouens toe dat die strukturalisme ’n deurslaggewende wending gebring het met die voorstelling van die taalsisteem as ’n patroon van differensiële verhoudinge wat die taalgebruiker voorafgaan, wat trouens die spraak van die individueel-pratende subjek bemoontlik: “Binne ’n anonieme sisteem is daar intervalle wat begrippe op ’n konstante basis van mekaar differensieer, met die gevolg dat die ‘absolute objek’ vol gate is en in sigself ’n dialektiek opneem wat onbeweeglik, dog reproduktief is, en wat tot gevolg het dat die definisie en waarde van ’n begrip deur ander begrippe, waarmee dit korreleer, heenbeweeg” (Lyotard 1971:33). Van besondere belang vir Lyotard is dat die bestaan

---

9 In die afwesigheid van ’n enkel-samevattende Engelse, Duitse of Nederlandse vertaling van *Discours, Figure*, laat ek my betreklik vry vertalings van gedeeltes uit *Discours, Figure* lei deur die seleksie, interpretasie en aanbod van passasies vanuit die eksegetiese arbeid van Lydon (2001:10-26), Dews (1987:113-137) en Aretoulakis (1996).

van hierdie anonieme, gesiglose sisteem enige fenomenologiese poging om linguïstiese betekenis te grondves in ’n logies-voorafgaande intensionaliteit of handeling, as ontoereikend uitwys. Taal gaan spraak vooraf, in die sin dat “... selfs nie ’n beskeie taalgebruiker daarop kan aanspraak maak om ’n taal te ontwerp nie ... en enige poging om taal te hervorm stuit voor die sikliese werklikheid dat taal self weer die instrument is, die enigste instrument wat ons wel sou hê om taal te transformeer” (Lyotard 1971:34). Maar die strukturalistiese aanname dat taal (*langue*) spraak (*parole*) voorafgaan (teenoor ’n fenomenologiese verstaan van taal en struktuur wat dit andersom sou stel) voorsien nie aan ons ’n oorweging op grond waarvan sonder meer *weggedoen* kan word met spraak as die spesifieke dimensie van taal-in-gebruik nie. Terwyl die beskouing van taal as ’n outonome sisteem van interne verhoudinge sou kon dien as die basis van ’n strukturalisme, is dit misleidend om op grond daarvan’n voorstelling van taal *tout court* te probeer maak (vgl Aretoulakis 1996:114). Wat weggelaat word in hierdie verstaan van taal as ’n geslote sisteem van verwysers, gedupliseer deur ’n sisteem van verwysings, is naamlik die *referensiële dimensie* van taal: “Daar is ’n feit wat ons ervaring van taal ons nie toelaat om te ontken nie, naamlik dat elke diskoers gerig word in die rigting van iets wat onvolkome en oop is, net soos wat ’n visuele gesigsveld slegs gedeeltelik en begrensd is en deur die horison verder geneem (moet) word. Hoe sou ’n mens hierdie bykans visuele kwaliteit van spraak kon verduidelik op grond van ’n objek wat in beginsel geslote is, wat toegesluit word in ’n selfgenoegsame totaliteit, naamlik die sisteem van *langue*?” (Lyotard 1971:32).

Vir Lyotard is so ’n verduideliking onmoontlik. Ten grondslag van sy argument lê die opvatting dat dit “nie tekens is wat aan ons gegee word nie, maar dinge wat beteken moet word” (Lyotard 1971:31). Dit bring hom daartoe om spraak-in-gebruik deur twee vorme van negatiwiteit te karakteriseer. In die eerste plek gaan Lyotard uit van die korrektheid van Saussure se befaamde standpunt, naamlik dat die waarde van ’n linguïstiese term gekonstitueer word deur die verskille daarvan met ander linguïstiese terme; ’n term word met ander woorde gedefinieer juis deur dit wat dit *nie* is nie, vanwaar Lyotard konkludeer dat taal slegs uit differensies bestaan. Maar in die tweede plek moet hierdie negatiwiteit in verhouding gestel word tot dit wat Lyotard die “negatiwiteit van transendensie” noem – die feit dat “die spreker weggeskeur word van dit waarvan hy praat, of dat dit van hom weggeskeur word, maar die spreker hou dit in afstand voor hom in spraak, as die objek van sy diskoers, in ’n ‘visie’” (Lyotard 1971:118; vgl Lydon 2001:17). Vanuit hierdie standpunt kan beide subjek en objek beskou word as “fragmente wat voortkom uit ’n ontbranding waarvan taal self die vonk was” (Lyotard 1971:109).

Die vraag is of Lyotard nie hiermee juis die post-strukturalistiese saak dwarsboom nie. Derrida ontken nie dat ons ’n referensiële dimensie van taal ervaar nie: “Ons moet ’n onwegdoenbare kritiek van ’n sekere naïewe houding tot die verwysde, tot betekenis ... vermy ... nie fikseer op ’n agterdog jeens of ’n onderdrukking van waarneming en betekenis nie” (Derrrida 1981:90). Tog is dit juis die logika van Derrida se posisie wat hom voor die konklusie bring dat die referensiële dimensie alleen ’n sekondêre en ontleende status kan beklee, en daarom stel hy in dieselfde asem: “Wat ons moet doen, is om met ’n *ander weg*, in ooreenstemming met ’n differensiële sisteem, vas te stel wat die *effek* is van idealiteit, van signifisering, van betekenis, van verwysing” (Derrida 1981:90). Omdat Derrida met ’n betreklik elementêre teenoorstelling van identiteit en differensie werk en omdat hy prontuit stel “...Niks – geen teenwoordige en in-differensiële entiteit - gaan ruimtelikheid en *différance* vooraf nie” (Derrida 1981:40), is hy genoodsaak om die waargenome wêreld te oorweeg as niks meer nie as ’n sisteem van “spore”, of andersins, indien waarneming beskou sou word as ’n subjekgesentreerde en ongemedieerde vorm van bewussyn, toe te gee dat “ek nie glo dat daar enige waarneming is nie” (Macksey 1972:272). Lyotard se verset hierteen vestig eerstens daarin dat hy hom nie verplig voel om Derrida se aanvanklike dichotomie tussen identiteit en differensie te aanvaar nie. So is dit volgens Lyotard moontlik om te argumenteer dat die waargenome wêreld nié die struktuur van ’n teks vertoon nie, sonder om daarmee hoef te aanvaar dat die wêreld andersins noodwendig afgeplat word in die onmiddellikheid van sintuiglike belewinge. Lyotard probeer ’n saak daarvoor uitmaak dat die waargenome werklikheid nie die interspelende relativiteit van die linguïstiese werklikheid besit nie – dat die verhouding tussen hier en daar, bo en onder, voor en agter, regs en links, nie assimileerbaar is met die diakritiese verhouding van terme in ’n linguïstiese sisteem nie: “... die plek wat aangewys word, die *hier*, word begryp in ’n waarnemingsveld, sonder twyfel die fokuspunt van die begrip, maar nie op so ’n wyse dat die omgewing van die hier opgehef word nie, wat wel die geval is met die keuses wat ’n taalgebruiker uitoefen; die omgewing van die hier bly gehandhaaf, met die onsekere, onontwykbare, kromlynige teenwoordigheid van dit wat sigself handhaaf op die grense van visie, ’n verwysing wat absoluut noodsaaklik is vir die aanwysing van plek ... maar waarvan die aard ’n volkome breuk met linguïstiese werksaamheid aanmerk” (Lyotard 1971:38). Indien hierdie onderskeid aanvaar word, moet enige poging om die uitwendigheid van die waargenome werklikheid te absorbeer in die inwendigheid van taal, uitgewys word as ’n “logofiliese vooronderstelling”: “Dit is goed en wel om te bevestig dat alles sêbaar is, dit is waar; maar wat nie waar is nie, is dat die signifiserende handelinge van diskoers die volle betekenis van die sêbare kan omvat. ’n Mens kan wel sê dat die boom groen is, maar die kleur word nie daarmee in die sin

teenwoordig gestel nie" (Lyotard 1971:52). Taal kan dus beskou word as die *fenomenologiese,* maar nie die *ontologiese* basis van die waargenome werklikheid nie (Lyotard 1971:129).

Volgens Lydon (2001:13) is daar in *Discours, Figure* 'n konstante aanvoeling vir die "ononderdrukbare kloof" tussen die sintuiglike en die begrypbare, kontrasterend uitgedruk as die "letter" teenoor die "lyn": "Die letter is die ondersteuning van 'n konvensionele, immateriële signifisering, in elke opsig identies aan die teenwoordigheid van die foneem – en hierdie ondersteuning gaan skuil agter dit wat ondersteun word: die letter werk alleenlik mee tot spoedige herkenning, in die belang van signifisering" (Lyotard 1971:211). In Derrida se werk kan die wending van die gesproke na die geskrewe verwyser beskou word as 'n poging om hierdie verskuildheid van die letter te blokkeer. Maar die letter is volgens Lyotard intrinsiek georiënteer tot begrypbaarheid, letters wil verstaan word. Dit is net die lyn, daarteenoor, wat spoedige begrypbaarheid en assimileerbaarheid weerstaan, wat die oog as't ware obstruheer en dit dwing om vir minstens 'n oomblik te huiwer: "Die wyse waarop betekenis teenwoordig is in die lyn (of in enige konstituent van 'n figuur) word aangevoel as nebuleus, ondeursigtig vir die gemoed wat geokkupeer word deur taal. 'n Bykans eindelose inspanning word van die oog opgeëis om deur die figuur of vorm aangespreek te word, om die energie te ontvang wat die figuur in sigself omdra" (Lyotard 1971:218). Lyotard het hierdie kontra-Derrideaanse standpunt by geleentheid met 'n eenvoudige verwysing na die visuele kunste geïllustreer: 'n Mens kan nie beweer dat die lyn wat Klee se potlood op 'n vel papier trek, met dieselfde betekenis gelaai is as die die letters wat hy onder die lyn skryf nie: *Fatal Leap* (Dews 1987:116). Hierdie verset teen die imperialisme van die teks is die eerste prominente aspek van *Discours, Figure*.

## 4. KRITIESE AFSTANDNAME VAN FENOMENOLOGIE

Soos wat vanuit Lyotard se streng fenomenologiese agtergrond geantisipeer sou kon word, vind hy in *Discours, Figure* aanvanklik aansluiting by een van die vernaamste eksponente van die fenomenologie, te wete Maurice Merleau-Ponty. Lyotard beweeg die post-strukturalistiese konteks binne juis deur die aanvanklike implementering van Merleau-Ponty se poging om buite tipiese kategorieë van die subjek en die objek te beweeg deur middel van 'n "stom kontak met dinge, wanneer dit nog nie dinge is wat deur dinge gesê is nie" (Lydon 2001:19). In Merleau-Ponty se latere werk, word die sleutelbegrippe "diepte" (om na dit wat waargeneem word te verwys) en die "ondeursigbare" (om na die waarnemingshandeling self te verwys) ingespan om te suggereer dat waarneming nóg die objek van waarneming nóg die waarnemingshandeling sélf volkome

kan beskryf. Die wêreld wat deur waarneming "oopgemaak" word, is dus nie 'n domein van suiwer teenwoordighede nie, maar eerder 'n "dubbelslagtige ruimte van horisonne en afstande", 'n oorvleueling van die sigbare en die onsigbare (vgl Dews 1987:116). Merleau-Ponty het hom konsekwent verset teen die opvatting dat, welke betekenis die wêreld ook mag hê, betekenis deur taal aan die wêreld toegeken word, asook die opvatting dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen taal en die wêreld sou bestaan. In Merleau-Ponty se denke is alle betekenis eerder implisiet, bedek deur die dimensie van diepte wat nie deur taal bepaal word nie, maar eerder aan die lig gebring word - daar is dus 'n spontane samewerking tussen die wêrelde van waarneming en van taal. Hierdie affiniteit vir waarneming en die waargenome werklikheid, wat werklik sentraal is in Merleau-Ponty se denke, is duidelik onversoenbaar met strukturalistiese en laat-strukturalistiese gedagtes, waar, selfs ook al sou 'n taal-onafhanklike werklikheid toegegee word, dit taal is wat die werklikheid segmenteer en daaraan betekenis toeken. Maar dit is juis ook hier waar die selfkrities-fenomenologiese karakter van *Discours, Figure* na vore tree.

Hoewel *Discours, Figure* in die eerste hoofstukke daarvan by 'n mens die indruk van 'n fenomenologiese kritiek van strukturalisme laat, word dit hoe later hoe meer juis 'n genuanseerde afstandname van fenomenologie. Lyotard, soos aangetoon, aanvaar nie die strukturalistiese beskouing dat spraak suiwer bepaal word deur die linguïstiese struktuur of sisteem nie, omrede die taalsisteem nie self kan "praat" nie. Maar so verset Lyotard hom ook teen Merleau-Ponty se opvatting dat daar 'n natuurlike samewerking, 'n eklektiese affiniteit tussen taal en wêreld bestaan: Waarneming is fenomenologies begrond in taal., maar taal self is 'n "uitbranding", wat ons losskeur van ons oorspronklike eenheid met die wêreld (vgl Lydon 2001:20). Die waargenome objek - volgens Lyotard hoegenaamd nie 'n beliggaming van semantiese potensiaal nie - is inherent in verset teen waarneming, dit is ondeursigbaar, dit kan eenvoudig nie *an sich* begryp word nie (vgl Lyotard 1971:108). Hierdie kritiese posisie - teen (laat-) strukturalisme sowel as in genuanseerde verset teen Merleau-Ponty - word deur Lyotard uitgebrei met verwysing na Frege se onderskeid tussen betekenis en verwysing, met fokus op Frege se standpunt dat die blootstelling van taal voor die nie-linguïstiese werklikheid nie geïgnoreer of uitgestel kan word nie: "Ons verwag 'n verwysing van die proposisie self, die strewe na waarheid dring ons beweging na die verwysde" (Lyotard 1971:108). Juis op hierdie punt tree daar volgens Lyotard 'n probleem na vore: om sodanig na die verwysde toe te beweeg, om van die idealiteit van betekenis na die werklikheid van dinge toe te beweeg, is self weer die skepping van 'n volgende proposisie, die herbekendstelling van die objek vanuit 'n nuwe perspektief, wat weer die een of ander vorm van verifikasie

opeis. In stede van ’n artikulasie van die implisiete betekenis van die werklikheid, sluit taal voortdurend juis daardie implisiete betekenis uit. Hierdie uitsluitende kenmerk van taal laat ’n ruimte of “gat”, wat volgens Lyotard met “begeerte” of “versugting” gevul (moet) word. Hierdie insig onderbou die opwindende verskuiwing in *Discours, Figure*, vanaf ’n aanvanklik fenomenologiese ingesteldheid na psigo-analitiese jargon.

In sy kritiek van die laat-strukturalistiese absorpsie van “waarneming in-spraak-in”, beklemtoon Lyotard die teenoorstellende aard van die “beweeglikheid van die referensiële oog” wat sigself handhaaf op die marges van diskoers teenoor die proses van seleksie en kombinasie in *langue*. Hy beklemtoon dus die spanning tussen die asimmetriese aard van die visuele en die geartikuleerde, differensiële aard van *langue*. Volgens Lyotard was dit reeds Freud wat hierdie spanning verwoord het: “Freud se nadenke sentreer...rondom die verhouding tussen taal en stilte, tussen signifisering en betekenis, tussen artikulasie en beeld, tussen die kommentaar wat interpreteer of konstrueer en die begeerte wat figureer” (Lyotard 1971:59). Vanuit hierdie insig kan die nie-geartikuleerde, voortdurend-skuiwende aard van die perseptuele ruimte dien as ’n soort analogie vir wat Freud as die “primêre proses” voorgehou het, naamlik die beweeglikheid van *cathexis* in die onderbewuste en hoe versugting of begeerte hierdie beweging onderlê. ’n Belangwekkende aspek van *Discours, Figure* is juis Lyotard se uiteensetting van hierdie figurale, versugtende energie en hoe dit van toepassing gemaak kan word in die visuele kunste[10].

Hierdie insigte het ook betreklik onveranderd in Lyotard se latere tekste bly dien: Lyotard het sy kritiese fokus hiervandaan bly rig teen enige vooraf-gedetermineerde sisteem wat bepaalde politieke en estetiese dogmatismes in sigself omdra, of, enige sisteem wat hierdie versugtende, figurale energie negeer ter wille van ’n voorkeur aan die statiese selfhandhawing van die sisteem.

Lyotard se vroeë kritiek teen die imperialisme van die teks en sy kritiese afstandname van fenomenologie kan as belangrike geleiers vir die stemming van sy latere tekste beskou word. Omdat daar volgens Lyotard se vroeë opvatting in *Discours, Figure* nie iets soos objektiewe taal of taal in die algemeen is nie, maar daar uiteindelik slegs heterogene diskoerssoorte oopval wat nie deur die een of ander sistematiese metareël, opgeneem in *langue*, verduidelik kan word nie, laat dit die ruimte vir sy konstante fokus op die partikulariteit van diskoerse in sy latere werk, veral ten opsigte van sy volgehoue standpunt dat diskoerse as só partikulier geag moet word dat selfs oorgange tussen

[10] Aretoulakis (1996) berig oor die aktualiteit van die teks in hierdie Freudiaanse opsig as sodanig, veral met betrekking tot die wyse waarop dit Lyotard en Lacan in konfrontasie met mekaar gebring het.

diskoerse nie werklik moontlik is nie, en dat die enigste wyse waarop met 'n partikuliere diskoers in die gelyk gekom kan word, is om die Self voor die vreemdheid en andersheid daarvan oop te stel. Dit verteenwoordig waarskynlik ook die bekendste strekking in sy latere tekste – maar het reeds in die taalfilosofiese konteks van *Discours, Figure* 'n oorsprong.

## Literatuurverwysings

Aretoulakis, E S 1996. The unpresentable in critical thought: The case of Lyotard and Lacan. MA Thesis, Illinois State University.

Bennington, G 1988. *Writing the event*. Manchester: Manchester University.

Benjamin, A 1992. Introduction, in Benjamin, A (ed), *Judging Lyotard*, ix-xii. London: Routledge. (Warwick Studies in Philosophy & Literature Series.)

Browning, G K 2000. *Lyotard and the end of grand narratives*. Cardiff: University of Wales. (Political Philosophy Now Series.)

Carroll, D 1987. *Paraesthetics: Foucault, Lyotard, Derrida*. London: Methuen.

Deguy, M 2001. Dialogue and Différend, in *Jean-François Lyotard: Time and judgement*, 93-101. New Haven & London: Yale University. (Yale French Studies 99.)

Derrida, J 1978. Structure, sign and play in the discourse of the human sciences, in *Writing and difference*, 278-293. London: Routledge & Kegan Paul.

Derrida, J 1981. *Positions.* London: Routledge & Kegan Paul.

Derrida, J 1983. *Dissemination*. Chicago: University of Chicago.

Dews, P 1987. *Logics of disintegration.* London: Verso.

Duvenage, P 1998. Jean-François Lyotard: 1924-1998. *Fragmente* 3, 195-197.

Eribon, D 1991. *Michel Foucault*. London: Faber & Faber.

Frank, M 1988. *Die Grenzen der Verständigung: Ein Geistergespräch zwischen Lyotard und Habermas*. Frankfurt: Suhrkamp.

Fritzman, J M 1995. From pragmatism to the differend: Education and the postmodern condition, in Michael, P (ed), *Critical studies*, 59-74. London: Bergin & Garvey. (Education and Culture Series.)

Goosen, D P 1998. Verlies, rou en affirmasie: Dekonstruksie en die gebeure. *Fragmente* 1, 54-79.

Kilian, M 1998. *Modern and postmodern strategies: Gaming and the question of morality. Adorno, Rorty, Lyotard and Enzensberger*. New York: Lang. (Studies in Literary Criticism and Theory 11.)

Lacan, J 1982. *Écrits: A selection*. London: W W Norton.

Lévi-Strauss, C 2000. *Structural anthropology.* New York: Basic Books.

Lydon, M 2001. Veduta on *Discours, figure*, in *Jean-François Lyotard: Time and judgement*, 10-26. New Haven & London: Yale University. (Yale French Studies 99.)

Lyotard, J-F [1971] 2002. *Discours, figure*. Paris: Klucksieck. Vertaling deur M Lydon (2002). Harvard: Harvard University Press.

Lyotard, J-F 1984 (1979). *The postmodern condition.* Oxford: Manchester University..

Lyotard, J-F [1986] 1988. *The differend: Phrases in dispute*. Minneapolis: University of Minnesota.

Lyotard, J-F [1954] 1991a. *Phenomenology*. New York: State University of New York.

Lyotard, J-F [1989] 1991b. *The inhuman: Reflections on time*. Cambridge: Polity.

Lyotard, J-F [1974]1993. *The libidinal economy*. Bloomington, Ind: Indiana University.

Macksey, R 1972. *The structuralist controversy*. Baltimore: John Hopkins University.

Pefanis, J 1991. *Heterology and the postmodern: Bataille, Baudrillard and Lyotard*. Durham: Duke University.

Sim, S 2000. *Lyotard and the inhuman: Postmodern encounters*. Cambridge: Icon.

Steuerman, E 2000. *The bounds of reason: Habermas, Lyotard and Melanie Klein on rationality*. London: Routledge. (Problems of Modern European Thought Series.)

Van Peperstraten, F 1995. *Jean-François Lyotard: Gebeurtnis en rechtvaardigheid*. Kampen: Kok.

Williams, J 1998. *Lyotard: Towards a postmodern philosophy*. Cambridge: Polity.